



The miracles of science™

VYDATE® SL

Reg. No. L5057 Act No. 36 of 1947

Reg. Nr. L5057 Wet Nr. 36 van 1947

A water soluble liquid insect- and nematicide for the protection of groundnuts, peaches, nectarines, plums, potatoes, pineapples, sugarcane, tobacco and tomatoes against plant parasitic nematode species as listed and for the control of potato leaf miner and the reduction of aphids in potatoes and thrips in sugarcane and onions and snails in grapevines.

'n Wateroplosbare vloeistof insek- en aalwurmdoder vir die beskerming van grondbone, perskes, nektariens, pruime, aartappels, pynappels, suikerriet, tabak en tamaties teen plantparasitiese aalwurm spesies soos aangedui en vir die beheer van aartappelbladmyner asook as die vermindering van plantluise in aartappels en blaaspootjies in suikerriet en uie en slakke in wingerde.

INSECTICIDE GROUP CODE 1A INSEKDODER GROEP KODE

ACTIVE INGREDIENT

Oxamyl (carbamate)

....310 g/litre....

AKTIEWE BESTANDDEEL

Oksamil (karbamaat)

Nett volume

5 litres

Netto volume

REGISTERED BY / GEREGISTREER DEUR:

DUPONT DE NEMOURS SOUTH AFRICA (PTY) LTD
Co. Reg. No. 2009/014079/07
P. O. BOX / POSBUS 3332
HALFWAY HOUSE, 1685
Tel: 011 218 8600

24 HOUR/UUR EMERGENCY
NUMBER/ NOODNOMMER:
083 123 3911

UN No. / VN Nr. 2991



UITERS GIFTIG
VERY TOXIC



Copyright © 2011 DuPont. All rights reserved. The DuPont Oval Logo, DuPont™, The miracles of science™ and VYDATE® are registered trademarks or trademarks of DuPont or its affiliates.

WAARSKUWINGS:

- DIE VOLGENDE MINIMUM AANTAL DAE MOET VERLOOP TUSSEN LAASTE TOEDIENING EN OES:

Aartappels	30	Suikerriet	120
Grondbone	80	Tabak	42
Perskes (insluitend Nektariens)	28	Tamaties	21
Pruime	28	Uie	35
Pynappels	120	Grasuie	35

- Hanteer uiters versigtig.
- Giftig deur inname deur die mond, inaseming en velkontak.
- Giftig vir visse, bye en wild.
- Bêre agter slot en grendel in 'n koel plek.
- Bêre weg van voedsel en voer.
- HERBETREDING: Moet nie behandelde gebied betree vir 2 dae na die bespuiting nie, tensy beskermende oorklere gedra word.
- Hou buite bereik van kinders, oningeligte persone en diere.
- In geval van vergiftiging, **ONTBIED DADELIK 'N GENEESHEER / VEEARTS EN TOON DIE ETIKET AAN HOM.**
- **VYDATE® SL** mag nie met lugtoediening toegedien word nie.

LET WEL: Die maksimum residulimiete (MRL'e) vir oksamil, soos in Suid-Afrika vasgestel, sal nie oorskry word indien etiketinstruksies en onthoudingsperiodes d.i. die minimum aantal dae na laaste toediening en oes, nagevolg word nie. Daar mag egter nie aan uitvoer MRL'e voldoen word nie en gewasse wat met **VYDATE® SL** behandel is, mag nie geskik vir uitvoer wees nie. Indien gewasse vir die uitvoermark bestem is, raadpleeg betrokke uitvoeragentskap voor **VYDATE® SL** gebruik word.

Alhoewel hierdie middel omvattend onder 'n groot verskeidenheid toestande getoets is waarborg die registrasiehouer nie dat dit onder alle toestande doeltreffend sal wees nie, aangesien die werking en effek daarvan beïnvloed kan word deur faktore soos abnormale grond-, klimaats- en bergingstoestande; kwaliteit van verdunningswater; verenigbaarheid met ander stowwe wat nie op die etiket aangedui is nie en die voorkoms van weerstand van die plaag teen die betrokke middel sowel as die metode, tyd en akkuraatheid van toediening. Verder aanvaar die registrasiehouer nie verantwoordelikheid vir skade aan gewasse, plantegroei, en omgewing of vir nadelige effek op mens of dier of vir 'n gebrek aan prestasie van die betrokke middel as gevolg van die ontstaan van toestande wat nie kragtens die registrasie voorsien kon word nie of as gevolg van die versuim van die gebruiker om etiket instruksies na te volg nie. Raadpleeg die verskaffer in die geval van enige onsekerheid.

VOORSORGMATREËLS:

- Vermy inaseming van dampe en spuitmis.
- Voorkom aanraking met vel.
- Dra volledige beskermende klere (oorpak, beskermingsbril, rubberstewels, handskoene en geskikte respirator).
- Was besoedelde klere onmiddellik na gebruik.
- In geval van toevallige velkontak en na gebruik, was deeglik met seep en water.
- Moenie eet, drink of rook tydens toediening of voordat hande en gesig gewas is en skoon klere aangetrek is nie.
- Voorkom kontaminasie van voedsel, voer, drinkwater en eetgerei.
- Voorkom dat spuitnewel oorwaai na ander gewasse, weiding, riviere en damme of gebiede nie onder behandeling nie.
- Was die spuitapparaat deeglik na gebruik. Maak seker dat die spoelwater nie gewasse, weiding, riviere en damme besoedel nie.
- Spoel die leë houer driekeer as volg uit: Keer die leë houer om oor spuit- of mengtenk en dreineer vir 30 sekondes totdat die vloei tot 'n drup afgeneem het. Spoel daarna die leë houer drie keer uit met 'n volume water gelykstaande aan 'n minimum van 10% van die inhoud van die houer en gooi die spoelinhoud terug in die spuittenk voordat die houer vernietig word op die voorgeskrewe metode.
- Vernietig die leë houer deur gate daarin te pers en plat te druk en moet vir geen ander doel gebruik nie.

WEERSTANDSWAARSKUWING

VYDATE® SL is 'n groeppkode 1A insekdoder. Enige populasie van 'n spesifieke insek mag individue insluit wat 'n natuurlike weerstand teen **VYDATE® SL**, of enige ander groeppkode 1A insekdoder het. Indien hierdie insekdoders herhaaldelik aangewend word, kan die weerstandbiedende individue uiteindelik die insekpopulasie oorheers. Hierdie

weerstandbiedende insekte sal waarskynlik nie deur **VYDATE® SL** of enige ander groepkode 1A insekdoder beheer word nie.

Om weerstand teen insekdoders te vertraag:

- Vermy die eksklusiewe herhaaldelike gebruik van insekdoders met dieselfde groepkode. Wissel af met, of gebruik tenkmengsels van produkte in verskillende insekdoder groepkodes.
- Integreer ander beheermaatreëls (chemies, verbouing, biologies) in insekdoder programme.

Vir spesifieke inligting oor weerstandsbestuur kontak die registrasiehouer van hierdie produk.

SIMPTOME VAN MENSLIKE VERGIFTIGING:

Hoofpyn, vermoeidheid, flouheid, duiseligheid, oormatige sweet, mislikheid, buikpyn, braking, versteurde gesigsvermoë, spiertrekkings, ongewoon verkleinde pupille, asemhalingsnood, bewusteloosheid.

TEENMIDDEL: Atropiensulfaat - Verwys na "NOTA AAN GENEESHEER OF VEEARTS"

NOODHULPBEHANDELING:

1. Verwyder persoon van die oorsaak van vergiftiging (na 'n koel en goed geventileerde omgewing).
2. Stel die persoon gerus en hou die persoon stil.
3. Verwyder besoedelde klere en spoel die besmette liggaamsdele met baie seep en koue water af.
4. Moet nie die vel hard vrywe nie.
5. Besmette oë moet vir 15 minute met skoon water uitgespoel word.

Indien per mond ingeneem:

1. Drink 1 tot 2 glase water en veroorsaak braking deur die agterste gedeelte van die keel met vinger te prikkel.
2. Herhaal totdat braaksel helder is en nie meer na gif ruik nie.
3. Moet nie direkte mond-tot-mond asemhaling toepas nie.
4. Moet nooit iets per mond aan 'n bewustelose persoon toedien nie.
5. **Neem die pasiënt onmiddelik na die naaste geneesheer.**

Indien ingeasem:

1. Verwyder persoon na vars lug.
2. Indien persoon nie asemhaal nie, pas kunsmatige asemhaling (verkieslik mond-tot-mond asemhaling) toe.
3. **Neem pasiënt onmiddellik na naaste geneesheer.**

NOTA AAN GENEESHEER OF VEEARTS:

VYDATE® SL is 'n N-Metiel Karbamaat Insek- en Aalwurmdoder.

Dien atropiensulfaat (1,2-2,0 mg/volwassene) binnears toe en herhaal elke 10-30 minute tot die eerste tekens van atropinisasie (droë gloeiende vel en tachycardia) intree. Hou aan met atropinisasie totdat die pasiënt herstel. **Pralidoxime (2 PAM, Protopam) en ander oksieme moet nie gebruik word waar VYDATE® SL blootstelling alleen voorkom nie.** Maar, in geval van blootstelling aan **VYDATE® SL** sowel as organofosfaat insekdoders, mag 2-PAM gebruik word soos benodig as aanvulling vir die atropien-sulfaat behandeling. **Moet nie morfien gebruik nie.**

AFBREKING VAN VYDATE® SL OPLOSSING:

Voeg 2,5 kg natriumkarbonaat per 100 liter **VYDATE® SL** spuitoplossing wat na gebruik in die tenk oorbly. Dit sal oormatige oksamil afbreek.

GEBRUIKSAANWYSINGS:

GEBUIK SLEGS SOOS AANGEDUI

Optimale werking van **VYDATE® SL** sal in verdunningswater met pH 5 - 6 verkry word. Indien die pH bokant 7 styg moet verdunningswater na pH 5 - 6 gebuffer word. **Gebruik slegs fosforigsuur gebaseerde versuurders of buffers** soos Bladbuff 7 (Reg. Nr. L8121 Act No. 36 of 1947) of Bladbuff 12 (Reg. Nr. L8201 Act No. 36 of 1947). Die gebruik van asynsuur buffers word nie aanbeveel saam met **VYDATE® SL** nie. Gebruik spuitmengsels onverwyld en moet nie vir lang periodes laat staan nie. Grond met 'n hoë pH (alkaliese grond) sal aanleiding gee tot verlaagde effektiwiteit.

Optimale sistemiese werking van **VYDATE® SL** berus op translokasie van die aktiewe bestanddeel in die behandelde plant. Derhalwe mag swak resultate verkry word wanneer stremingsfaktore soos droogte translokasie belemmer.

GEWAS EN PLAAG	DOSIS	AANWYSINGS
<p>AARTAPPELS: Knopwortelaalwurms (<i>Meloidogyne</i> spesies uitgesluit <i>M. chitwoodi</i> en <i>M. fallax</i>) en vermindering van plantluise</p>	<p>Grondtoediening: VYDATE® 100 GR 350 g per 100 m plantry</p> <p>Looftoediening: 3-5 l per ha</p>	<p>Wanneer die VYDATE® 100 GR en VYDATE® SL aalwurm-beheerprogram op saadaartappels of onder uitermatig hoë knolwortelaalwurmdruk toestande en in die aartappelproduksie areas gelys onder BELANGRIK: NOTAS VAN TOEPASSING OP KNOPWORTELAALWURMBEHEER IN AARTAPPELS MET VYDATE® 100 GR & VYDATE® SL, nota 2, gebruik word, moet die grond voor plant eers met 'n geregistreerde grondberokingsmiddel vir nematode beheer (volgens die etiket van die berokingsmiddel) berook word voordat die VYDATE® 100 GR en VYDATE® SL program gevolg word. (Lees BELANGRIK: NOTAS VAN TOEPASSING OP KNOPWORTELAALWURMBEHEER IN AARTAPPELS MET VYDATE® 100 GR & VYDATE® SL, notas 2 & 4 vir besonderhede).</p> <p>Dien VYDATE® 100 GR slegs toe in klam grond. Dien VYDATE® 100 GR toe in die plantvoor tydens aanplanting voordat dit toegemaak word.</p> <ul style="list-style-type: none"> • Volg die VYDATE® 100 GR grondtoediening op met drie looftoedienings van VYDATE® SL met spuitintervalle van vier weke. Die eerste VYDATE® SL looftoediening moet teen 'n dosis van 3 l per ha drie tot vier weke, die tweede teen 4 l per ha sewe tot agt weke en die derde teen 5 l per ha elf tot twaalf weke na plant opkoms toegedien word. • Hierdie spuitprogram sal ook plantluise verminder. • Indien die pH van die spuitwater hoër as 7 is, moet dit tot 'n pH van 5-6 gebuffer word met Bladbuff 7 of Bladbuff 12. Moet egter geen ander tipe byvoegmiddel by die VYDATE® SL spuitmengsel voeg nie. • Laat 30 dae toe tussen laaste toediening en oes. <p>BELANGRIK: LEES NOTAS VAN TOEPASSING OP DIE BEHEER VAN KNOPWORTELAALWURMS IN AARTAPPELS MET VYDATE® 100 GR & VYDATE® SL PROGRAMME.</p>
<p>Aartappelbladmyner (<i>Liriomyza huidobrensis</i>)</p>	<p>Looftoediening: 3 liter per ha</p>	<p>Dien toe in 400-600 liter water per ha en verseker goeie bedekking van die loof. Dien toe in 'n program wat begin by die eerste tekens van infestasië op die blare en herhaal teen 7-14 dae intervalle. Gebruik die korter interval onder toestande van gereelde hoë infestasië. Dit word aanbeveel dat 'n minimum van 2 opeenvolgende VYDATE® SL toedienings opeenvolgend (= blok bespuitings) gebruik word, waarna met ander insekdoders met verskillende werkswyse afgewissel word, indien nodig. Moet nie 3 toedienings per seisoen, of 'n maksimum van 12 liter VYDATE® SL per ha per seisoen oorskry nie. Verwys ook na bostaande aanwysings vir beheer van knopwortelaalwurms.</p> <p>Indien die pH van die spuitwater hoër as 7 is, moet dit tot 'n pH van 5-6 gebuffer word met Bladbuff 7 of Bladbuff 12. Moet egter geen ander tipe byvoegmiddel by die VYDATE® SL spuitoplossing voeg nie.</p> <p>Laat 30 dae tussen die laaste toediening en oes toe.</p>

BELANGRIK: NOTAS VAN TOEPASSING OP KNOPWORTELAALWURMBEHEER IN AARTAPPELS MET VYDATE® 100 GR & VYDATE® SL:

1. Die aalwurmdodende, sistemiese werking en/of nawerking van **VYDATE® 100 GR & VYDATE® SL** word sterk beïnvloed deur faktore buite die registrasiehouer se beheer soos byvoorbeeld oneffektiewe en/of te vlak beroking van die grond voor plant (waar van toepassing – **verwys na punt 2**), grondtipe (baie sanderige, ligte grond wat maklik loog), hoë grond pH, of stremmingstoestande (veral droogte) op die gewas. 'n Mate van knopwortelaalwurmskade moet verwag word by aartappels onder bogenoemde toestande, of indien aalwurmbesmette moere geplant word.
2. Vir aartappelaanplantings in die Noord-Kaap en Noordwes Provinsies (Prieska, Hopetown, Douglas, P.K. le Roux Dam besproeiings areas, Vaalharts besproeiings area, Barkly-Wes, Christiana, Vryburg, Coetzersdam en Tosca) **moet die grond berook word** voordat **VYDATE® 100 GR** toegedien word.
3. Wanneer aartappels vir langer as **30 dae** na die laaste **VYDATE® SL** toediening in die grond gelaat word kan ernstige knolskade voorkom a.g.v. herinfestasië van knopwortelaalwurms aangesien die **VYDATE® SL** op hierdie stadium nie meer in die grond of plantwortels aanwesig is nie.
4. Indien uitermatig hoë knopwortelaalwurmvlakke in die grond voorkom as gevolg van 'n kombinasie van bogenoemde en/of as gevolg van abnormale verbouingspraktyke, soos opeenvolgende verbouing van aalwurmvatbare gewasse op dieselfde lande, kan swaar oesverliese as gevolg van knopwortelaalwurmskade voorkom, ten spyte van die toepassing van chemiese beheermaatreëls met **VYDATE® 100 GR** en **VYDATE® SL**.

GEWAS EN PLAAG	DOSIS	AANWYSINGS
<p>GRONDBONE: Grondboonpeulaalwurm (<i>Ditylenchus destructor</i>)</p>	<p>Looftoediening: 1,2 liter per 100 liter water</p>	<p>Dien toe in ten minste 250 liter water per ha as 'n loofbespuiting by die aanvang van ankervorming (by Sellie ongeveer 60 dae na plant). Verseker deeglike benatting van bo-grondse dele. Indien die pH van die spuitwater hoër as 7 is, moet dit tot 'n pH van 5-6 gebuffer word met Bladbuff 7 of Bladbuff 12. Moet egter geen ander tipe byvoegmiddel by die VYDATE® SL spuitoplossing voeg nie. Laat 'n periode van 80 dae tussen laaste toediening en oes toe.</p>
<p>PERSKES (insluitend NEKTARIENE) en PRUIME: Ringaalwurms (<i>Criconema</i> spesies) Letselaalwurms (<i>Pratylenchus</i> spesies) Stompwortelaalwurms (<i>Paratrichodorus</i> spesies)</p>	<p>Grondtoediening: 1,2 m^l per m²</p>	<p>Dien toe op grond in lente na afloop van blomblaarval tydens die vroeë vrugset stadium. Onder toestande van hoë aalwurminfestasië word 'n opvolg toediening aanbeveel een tot twee maande na oes. Dien toe met 'n toepaslike spuit onder die bome binne die drupsone. Dien in 'n toepaslike hoeveelheid water toe om eweredige bedekking van die grondoppervlak te verseker (dien toe in 0,5 tot 2,5 liter water per m²). VYDATE® SL moet op grond toegedien word wat by veldkapasiteit is. 10-15 mm reën of besproeiing is noodsaaklik binne 5 dae na toediening om genoegsame beweging van VYDATE® SL na die wortelsone van die bome te verseker. Indien die pH van die spuitwater hoër as 7 is, moet dit tot 'n pH van 5-6 gebuffer word met Bladbuff 7 of Bladbuff 12. Moet egter geen ander tipe byvoegmiddel by die VYDATE® SL spuitoplossing voeg nie. Laat 'n periode van 28 dae toe tussen toediening en oes in geval van lente toediening.</p>

GEWAS EN PLAAG	DOSIS	AANWYSINGS
<p>PYNAPPELS: Knopwortelaalwurms (<i>Meloidogyne</i> spesies), Letselaalwurms (<i>Pratylenchus</i> spesies)</p>	<p>Looftoediening:</p> <p><u>Nuwe Aanplanting:</u> Eerste bespuiting: 640 ml per 100 liter water</p> <p>Verdere bespuitings: 320 ml per 100 liter water</p> <p><u>Opvolgoes:</u> (Oorstaan) 320 ml per 100 liter water</p>	<p>Waar swaar aalwurmbesmetting op voorafgaande oeste voorgekom het moet grond voor plant met 'n geregistreerde berokingsmiddel behandel word. Verseker dat grondvog voldoende is om die groei van die plantmateriaal te verseker. Plante moet gesond wees om goeie resultate te behaal.</p> <p>Dien 'n gerigte bespuiting op die rye toe en verseker deeglike benatting.</p> <p>Die eerste blaarbespuiting moet toegedien word met die aanvang van wortel vorming teen 500 liter spuitoplossing per ha.</p> <p>Dien nog 5 bespuitings toe met tussenposes van 4 weke en vermeerder die spuitvolume geleidelik tot 1 000 liter per ha vir volgroeide plante.</p> <p>Slegs aanbeveel indien vorige oes reeds teen aalwurm behandel is. Begin met die bespuitingsprogram sodra die vorige oes gepluk is. Dien 6 blaarbespuitings teen 'n spuitvolume van 1 000 liter per ha toe met tussenposes van 4 weke.</p> <p>Indien die pH van die spuitwater hoër as 7 is, moet dit tot 'n pH van 5-6 gebuffer word met Bladbuff 7 of Bladbuff 12. Moet egter geen ander tipe byvoegmiddel by die VYDATE® SL spuitoplossing voeg nie.</p> <p>Laat 120 dae toe tussen laaste toediening en oes in geval van lente toediening.</p>

GEWAS EN PLAAG	DOSIS	AANWYSINGS
<p>TABAK: Knopwortelaalwurms (<i>Meloidogyne</i> spesies uitgesluit <i>M. chitwoodi</i> en <i>M. fallax</i>)</p>	<p>Saadbeddings:** 80 ml per 10 liter water</p> <p>Looftoediening na uitplant: 800 ml per 100 liter water</p>	<p>Behandel grond voor plant met 'n geregistreerde berokingsmiddel. Volg die volle program om effektiewe beskerming teen aalwurmbesmetting te verseker.</p> <p>Drenk saadbeddings 48-24 uur voor uitplant met 2 liter van die spuitoplossing per m² saadbedoppervlakte. Moet nie die spuitoplossing as plantwater of as doopvloeistof gebruik nie.</p> <p>Waar geen of onvoldoende aalwurmbeheer gedurende die voorafgaande plantseisoen toegepas is, of waar swaar aalwurmbesmetting mag voorkom - dien 250 liter spuitoplossing per ha as 'n blaarbespuiting toe, 2 weke na uitplant. Herhaal na 3 weke met 500 liter spuitoplossing per ha.</p> <p>Waar ligte aalwurmbesmetting normaalweg voorkom en waar deeglike aalwurmbeheer gedurende die voorafgaande plantseisoen toegepas is - dien 500 liter spuitoplossing per ha as 'n blaarbespuiting toe, 5 weke na uitplant.</p> <p>Indien die pH van die spuitwater hoër as 7 is, moet dit tot 'n pH van 5-6 gebuffer word met Bladbuff 7 of Bladbuff 12. Moet egter geen ander tipe byvoegmiddel by die VYDATE® SL spuitoplossing voeg nie.</p> <p>Laat 42 dae toe tussen laaste toediening en oes.</p> <p>BELANGRIK: VERWYS NA NOTAS VAN TOEPASSING OP DIE BEHEER VAN KNOPWORTELAALWURMS IN TABAK EN TAMATIES MET VYDATE® SL.</p>

GEWAS EN PLAAG	DOSIS	AANWYSINGS
<p>TAMATIES: Knopwortelaalwurms (<i>Meloidogyne</i> spesies uitgesluit <i>M. chitwoodi</i> en <i>M. fallax</i>)</p>	<p>Saadbeddings**: 40 mℓ per 10 liter water</p> <p>Saailaie**: 40 mℓ per 10 liter water</p> <p>Looftoediening na uitplant: 800 mℓ per 100 liter water</p>	<p>Behandel grond voor plant met 'n geregistreerde berokingsmiddel. Volg die volle aanbevole program om effektiewe beskerming teen aalwurmbesmetting te verseker.</p> <p>Drenk saadbeddings 48-24 uur voor uitplant met 2 liter van die spuitoplossing per vierkante meter saadbedoppervlakte.</p> <p>Spuit die saailinge in die saailaie 48-24 uur voor uitplanting met 0,5 liter van die spuitoplossing per meter² van die algehele saailaai-oppervlakte.</p> <p>Dien 250 liter spuitoplossing per ha toe as 'n blaarbespuiting 2 weke na uitplant. Herhaal na 3 weke met 500 liter spuitoplossing per ha.</p> <p>Indien die pH van die spuitwater hoër as 7 is, moet dit tot 'n pH van 5-6 gebuffer word met Bladbuff 7 of Bladbuff 12. Moet egter geen ander tipe byvoegmiddel by die VYDATE® SL spuitoplossing voeg nie.</p> <p>Laat 21 dae toe tussen laaste toediening en oes.</p> <p>BELANGRIK: VERWYS NA NOTAS VAN TOEPASSING OP DIE BEHEER VAN KNOPWORTELAALWURMS IN TABAK EN TAMATIES MET VYDATE® SL.</p>
<p><u>BELANGRIK: NOTAS VAN TOEPASSING OP KNOPWORTELAALWURMBEHEER IN TABAK EN TAMATIES MET VYDATE® SL:</u></p> <ol style="list-style-type: none"> 1. Die aalwurmdodende, sistemiese werking en/of nawerking van VYDATE® SL word sterk beïnvloed deur faktore buite die vervaardiger se beheer soos byvoorbeeld oneffektiewe en / of te vlak beroking van die grond voor plant, grondtipe (baie sanderige, ligte grond wat maklik loog), hoë grond pH, of stremmingstoestande (veral droogte) op die gewas. 'n Mate van knopwortelaalwurmskade moet verwag word by tabak en tamaties onder bogenoemde toestande, of indien aalwurmbesmette saailinge geplant word. 2. Indien uitermatig hoë knopwortelaalwurmvlakke in die grond voorkom as gevolg van 'n kombinasie van bogenoemde en / of as gevolg van abnormale verbouingspraktyke, soos opeenvolgende verbouing van aalwurmvatbare gewasse op dieselfde lande kan oesverliese as gevolg van knopwortelaalwurmskade voorkom, ten spyte van die toepassing van chemiese beheermaatreëls. Indien laasgenoemde faktore van toepassing is sal VYDATE® SL nie onder alle omstandighede die gewensde knopwortelaalwurmbeheer in tabak en tamaties verleen nie, ook nie wanneer gebruik in kombinasie met ander aalwurmdoders nie. <p>** Die grond van saadbeddings of saailaie moet soos gebruiklik voor saai met 'n geregistreerde berokingsmiddel teen aalwurm behandel word.</p>		

GEWAS EN PLAAG	DOSIS	AANWYSINGS
<p>SUIKERRIET: Slegs opvolg oeste: Knopwortelaalwurms (<i>Meloidogyne</i> spesies), Letselaalwurms (<i>Pratylenchus</i> spesies)</p> <p>Plant- en opvolgoeste: Vermindering van blaaspootjie (<i>Fulmekiola serrata</i>)</p>	<p>Looftoediening: 7,2 - 9,6 liter per ha in 300 liter water per ha (86 - 115 ml in 3,6 liter water per 100 m liniêre rylengte gebaseer op 'n 1,2 m ry spasiëring)</p> <p>Looftoediening: 60 ml per 100 m liniêre rylengte in 2 tot 2,5 liter water (5 liter per ha in 150-200 liter water gebaseer op 'n 1,2 m ry spasiëring)</p>	<p>Spuit VYDATE® SL oplossing op suikerrietblare m.b.v. 'n rugsak of laedruk trekker gemonteerde balkspuit.</p> <p>Dien VYDATE® SL toe tydens die 6-8 blaar groeistadium (gewoonlik 6-8 weke na vorige kap), en slegs indien die riet goed uitgespruit het na die kap. Winter gekapte lande mag langer neem om die 6-8 blaarstadium te bereik.</p> <p>Bespuiting met VYDATE® SL word slegs aanbeveel tydens aktiewe groei van die gewas.</p> <p>Gebruik 9,6 liter per ha dosis op swak sand gronde (minder as 5% klei) en gebiede waar hoë aalwurmsbesmetting mag voorkom.</p> <p>Indien die pH van die spuitwater hoër as 7 is, moet dit tot 'n pH van 5-6 gebuffer word met Bladbuff 7 of Bladbuff 12. Moet egter geen ander tipe byvoegmiddel by die VYDATE® SL spuitoplossing voeg nie.</p> <p>VYDATE® SL toegedien volgens die etiketaanbevelings hieronder verminder blaaspootjies met 60 tot 90% in suikerriet, met inagneming van die gewas groeitoestand, plaaginvasievlakke en klimaatstoestande.</p> <p>Dien die VYDATE® SL spuitoplossing met 'n enkel holkeël of verkieslik volkeël spuitkop gerig oor elke plantry as 'n loofbespuiting, m.b.v. 'n rugsak of laedruk trekker gemonteerde balkspuit, toe.</p> <p>Dien VYDATE® SL vroeg korrekatief toe, met die eerste tekens van blaaspootjie-infestasië of blaarvleksimptome tussen die 2 blaar, maar nie later as die 6 blaarstadium nie (tot 'n maksimum planthoogte van 0,5 m).</p> <p>Die tyd van toediening van VYDATE® SL is krities vir die effektiewe beheer van blaaspootjies. Die toediening van VYDATE® SL voor die 2 blaarstadium en na afloop van die 8 blaarstadium van die gewas gee betekenisvol swakker resultate teen blaaspootjies.</p> <p>'n Opvolgtoediening van VYDATE® SL, gebaseer op die voorkoms van lewendige blaaspootjies, mag nodig wees 21-28 dae na die eerste toediening onder toestande van herhaaldelike blaaspootjie infestasië.</p> <p>Indien die pH van die spuitwater hoër as 7 is, moet dit tot 'n pH van 5-6 gebuffer word met Bladbuff 7 of Bladbuff 12. Moet egter geen ander tipe byvoegmiddel by die VYDATE® SL spuitoplossing voeg nie.</p> <p>Bespuiting met VYDATE® SL word slegs aanbeveel tydens aktiewe groei van die gewas.</p> <p>Moet nie twee VYDATE® SL toedienings per seisoen teen blaaspootjie oorskry nie.</p> <p>Moet nie 'n maksimum van 10 liter VYDATE® SL per seisoen in suikerriet oorskry nie.</p> <p>Laat 120 dae toe tussen laaste toediening en oes.</p>

GEWAS EN PLAAG	DOSIS	AANWYSINGS
<p>UIE EN GRASUIE: (CHIVES) Blaaspootjie (<i>Thrips tabaci</i>)</p>	<p>Looftoediening: 3 liter per ha</p>	<p>Dien voorkomend of vroeg korrekief toe met eerste tekens van die blaaspootjienimfe en/of -volwassenes in 500 – 700 liter water per ha met spuitintervalle van 7 tot 'n minimum van 14 dae. Gebruik die korter spuitinterval van 7 dae wanneer VYDATE® SL vroeg korrekief toegedien is, onder gunstige omgewingstoestande vir plaagontwikkeling of onder hoë infestasielvlakke van blaaspootjie. Moet nie 'n maksimum van 4 VYDATE® SL bespuiting per aanplanting oorskry nie.</p> <p>Dien VYDATE® SL as 'n deel van 'n spuitprogram van minstens twee opeenvolgende bespuitings (=blokbespuiting) toe. Wissel die VYDATE® SL blokbespuitings af met geregistreerde blaaspootjiedoders met 'n ander werkswyse. Die VYDATE® SL toedienings, soos hierbo aangedui, sal blaaspootjiegetalle met 60 – 90 % verminder met inagneming van gewasstadium, gewasgroei-toestande, plaaginfectasielvlakke en heersende omgewingstoestande.</p> <p>Indien die pH van die spuitwater hoër as 7 is, moet dit tot 'n pH van 5-6 gebuffer word met Bladbuff 7 of Bladbuff 12. Moet egter geen ander tipe byvoegmiddel by die VYDATE® SL spuitoplossing voeg nie.</p> <p>Laat 35 dae toe tussen laaste toediening en oes.</p>
<p>WINGERDE: Slakke (Bruinslak, <i>Helix aspersa</i> en duinslak, <i>Theba pisana</i>)</p>	<p>Rusperiode bespuiting: 2,5 liter per ha</p>	<p>Dien sodra slakke opgemerk word toe op wingerdstokke as 'n enkele rusperiode bespuiting voor ogieswel. Vir optimale doeltreffendheid dien VYDATE® SL vroeg in die oggend of tydens koel, bewolkte weerstoestande wanneer slakke aktief is, toe.</p> <p>Dien as 'n gerigte bespuiting in 200 – 500 liters water per ha toe.</p> <p>Indien die pH van die spuitwater hoër as 7 is, moet dit tot 'n pH van 5-6 gebuffer word met Bladbuff 7 of Bladbuff 12. Moet egter geen ander tipe byvoegmiddel by die VYDATE® SL spuitoplossing voeg nie.</p> <p>NB. Voor die toediening van VYDATE® SL, verdryf of verwyder voëls (bv. eende, ens.), soogdiere en ander wild (bv. skilpaaie) van die area waar VYDATE® SL toegedien gaan word.</p>

HANDELSMERKE: Bladbuff 7 en Bladbuff 12 is geregistreerde handelsmerke van Plaaskem (Pty) Ltd